COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

23 Januarie 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

287ste Uitgawe

# Curro Hermanus

Curro Hermanus celebrated another 100% pass with 100% Tertiary exemption! 91% of the learners passed with a bachelor's degree pass, with the rest all achieving a Diploma pass.

With 10 A, 16 B, and 18 C candidates, out of 54 learners, 81.5% of the group achieved an average of C or above. The group averaged 2 distinctions per learner and a group average of 69.5%.

Curro writes the IEB exams, where there is a big focus on independent thought, application of knowledge, and creativity. The skills required to answer these rigorous exams are taught to our learners from a young age. They finish Matric not just with a certificate, but also with a skill set that will help them excel in further studies and the work environment.

The individual subjects performed exceptionally well with 14 subjects achieving better than the IEB average. Mathematics, Physical Science and Accounting counted amongst these.
There were also 10 subjects achieving averages of 70% and higher.

This Matric group had a wonderful year on all levels. They were the driving force in our victories over Winter sport Interschool's rivals Bonnievale and Curro Langebaan, were crowned Inter-Curro Athletics Champions and even represented the Western Cape at Pilditch Stadium against the top Athletes in the country. Besides these and other sports where they made their mark, this group also ruled at various Eisteddfods, Choir competitions, and subject Olympiads.

It is important to thank the many teachers who helped form these young men and women. We are lucky to have such dedicated staff.



Curro Hermanus wishes every Matriculant from the Class of '25 a wonderful future. We will be following your career paths in great anticipation.

**Kobus Vermeulen**
**Executive Head**

CURRO MATRICS
EXCELLENCE *in action*
2025

**100%** IEB pass rate | **100%** tertiary exemption
**10** A aggregates | **16** B aggregates
**107** subject A aggregates | **86** subject B aggregates
**87** subject C aggregates
**54** matric learners

028 316 4911
hermanus.highschooladmin@curro.co.za
curro.co.za

CURRO
HERMANUS










*Matriek Afskeid*

Curro Hermanus

# 2025










COMMUNITY NEWSPAPER

Gans-Berg Nuus/News

PRICE R15.00

23 Januarie 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

287ste Uitgawe

# Net twee woorde aan ons 2025-matrieks... Welgedaan en Welgedaan!!

*Die Gans-Berg Nuus* is trots om ons hoërskole in die Overstrand en Overberg (alfabeties) se opsommende uitslae vandeesweek te plaas.  Baie geluk aan elk van hierdie skole se matrikulante - die gemeenskappe van elke dorp is trots op julle. Gans-Berg Nuus se redaksiespan wens julle ook 'n suksesvolle toekoms in julle 'volwasse skoene' toe - mag elkeen van julle se drome bewaarheid word.

**Curro Hermanus Hoërskool**

Curro Hermanus Hoërskool behaal 'n slaagsyfer van 100%, met 92% van die matrikulante wat graad-toelating ontvang. (Sien volledige inligting in die omvoublad.)

**Gansbaai Academia**

Gansbaai Academia het vir die 2025-matrikulante die hoogste slaagsyfer in die skool se geskiedenis behaal - 95,8%.

Altesaam 54 matrikulante het onderskeidings behaal, met Ntsewuola Amahle wat 'n verstommende 99% vir Besigheidstudies verwerf het!  Die skool se Top-10-presteerders is:  Mneno Thandokuhle 86%; Ntsewula Amahle 84%; Khonzani Olothando, Mredlana Noneleen Mafumba Sinalo 81%; Tshayivithi Asisindise 78%; Jayiya Lihle 77%; Louw Peter 74%; Valentine Aisha en Mahlanza Elam 71%; Van Der Poll Chantal 70%; Tobias Tiffany, Mavikela Zintle, Matha Jessica, Nondala Okuhle en
Khatshaza Liyema 69%; Mbolekwa Awethu en Mgwedane Liyema 68%.




Gansbaai Academia se Top-10 matrikulante.



Curro

TMS BOUERS

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za

NHBRC No: 3000265163 / Reg No: 1999/031335/23



NATIONAL HOME BUILDERS NHBRC REGISTRATION COUNCIL

Since 1999

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

MEET
the team
OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



Michelle van Zyl: 078 010 8296
Owner / Advertising
michelle@gansberg.co.za



Melissa Van Rooyen
Graphic Designer
design@gansberg.co.za
Editorial Content
info@gansberg.co.za



Hardus Botha: 082 786 0494
Journalist
info2@gansberg.co.za



Tracy Hulme: 076 672 6283
Admin Assistant
tracy@gansberg.co.za



Freda Potgieter: 063 668 4577
Advert Representative
freda@gansberg.co.za



Janine Williams: 072 931 1431
Advert Representative
janine@gansberg.co.za

**Hoërskool Bredasdorp**
Hoërskool Bredasdorp se 2025-matrieks het 'n slaagsyfer van 100% behaal, met 60 vak-onderskeidings, 3 x A's, 15 x B's en 'n klasgemiddeld van 59.73% en 80% met graad-toelatings. Die Top-10 leerders is Mieke Saayman (88.3%, 7 x A's), Suzanne Pretorius (84.5%, 6 x A's), Milan Daniel (80.17%, 5 x A's), TJ du Plessis (79.17%, 4 x A's), Ané Koch (79.5%, 3 x A's), Minke Terblanche (78.33%, 3 x A's), Braam Wessels (76.17%, 3 x A's), Rory Dowrie (75.5%, 2 x A's), Remé Barnet (73.67%, 2 x A's) en Darren Jones (73.33%, 1 x A).

**Hoërskool Hermanus**
Die Hermanus Hoërskool se matriekklas van 2025 het 'n 100% slaagsyfer behaal. 164 uit 193 matrikulante (85%) het graad-toelating ontvang. 23 matrieks het A's en 47 matrieks het B's behaal, met 'n totaal van 254 vakonderskeidings. Die Top-10 is (*o/s = onderskeidings*) Larissa Heunis (89,7%, 7 x o/s), Mia Momberg (89,3%, 7 x o/s), Janré Fourie (88,3%, 7 x o/s), Sheryl-Anne Green (87,7%, 6 x o/s), Julian du Toit (87,3%, 6 x o/s), Tobie Fourie (87,2%, 6 x o/s), Lilarayn Schenck (86%, 5 x o/s), Miencke Joubert (85,5%, 5 x o/s), Migael van Wageningen (84,3%, 7 x o/s) en Saskia Bouwers (84%, 4 x o/s), plus nog 13 met bo 80%, met 53 onderskeidings tussen hulle.

**Hoërskool Overberg (Caledon)**
Hoërskool Overberg in Caledon het 'n 100% slaagsyfer vir die skool se 94 matrikulante in 2025. Statistieke: 81.9% slaag met graad-toelating; 6 x A's; 16 x B's; 25% van die groep het 70% en hoër; 60% van die groep het bo 60%; 78 vak A's; 128 vak B's. Die Top-10 leerders is Carla Whiteman (86.7%, 6A's), Christine Odendaal (86.2%, 6A's), Emily Meets (84.0%, 5A's), Armand Giliomee (82.3%, 5A's), Lorenzo Kroutz (80.7%, 5A's), Emri Neethling (80.0%, 5A's), Anli Fourie (80.0%, 3A's), Hanel de Wet (79.2%, 4A's), R-Jay Rinkwest (77.2%, 2A's) en Mechealla Fortuin (73.0%, 3A's).

**Hardus Botha**
















# Die wonderwêreld van brandlelies

*Die Gans-Berg Nuus* het hierdie week kortliks inligting oor die bekende brand- of vuurlelie op Facebook en die Gans-Berg *Channel* gedeel. Die plasing is gemaak na aanleiding van navrae vir meer akkurate inligting oor foto's wat Mathilda Roos van Groeneweide van die plant, in die vleigrond op die plaas, ingestuur het. Op Dag 8, ná die Januarie 2026-brande, het die pragtige plante bloedrooi in die swartgebrande vlei gestaan.

*Die Gans-Berg Nuus* het by Sean Privette van Grootbos Foundation aangeklop om die korrekte identifisering te bevestig. "Omdat die brandlelies in vleigrond opgekom het, is dit sonder twyfel die *Cyrtanthus angustifolius*," het Sean gesê. "Dit is 'n bladwisselende, meerjarige geofiet wat tot die familie *Amaryllidaceae* behoort." Die genus *Cyrtanthus* is reeds in 1789 deur die plantkundige William Aiton geïdentifiseer. Die naam is afgelei van die Griekse woorde *kyrtos* (geboë) en *anthos* (blom), wat na die kenmerkende vorm van die blom verwys.

Brandlelies, ook bekend as vuurlelies, is een van die mees ikoniese "vuurblomme" van die fynbos - 'n bolplant wat juis op veldbrande staatmaak om te blom. Hulle verskyn tipies binne 8-12 dae ná 'n brand en kleur die swart landskap rooi of salm.



**Enkele kenmerke**

*Voorkoms - 'n slanke, hol blomsteel (ongeveer 10-20 cm hoog) met een tot twaalf hangende, trompetvormige blomme; *Kleur - wissel van salm tot skarlakenrooi; *Blomtyd - onmiddellik ná 'n somerbrand; *Eerste knoppe verskyn binne ongeveer 8-12 dae; *Volle blomtyd - ongeveer twee weke; *Brandafhanklik - hierdie spesie blom feitlik net ná 'n brand en kan vir jare dormant bly; *Sommige individue blom eers weer ná 20 jaar, wanneer die volgende brand plaasvind; *Bestuiwing en saad - elke blom bly 5-6 dae oop; *Saadproduksie - plante lewer gemiddeld twee saadkapsules met sowat 27 sade elk; *Saadvrystelling - saad word binne 12-15 weke ná die brand vrygestel; *Habitat - Suid- en Wes-Kaap, veral op suidgerigte hellings in sandsteenfynbos; *Kom voor vanaf die Kaapse Skiereiland tot by die Kougaberge; *Bewaringsstatus - *Least Concern*, met geen onmiddellike bedreiging vir die spesie se voortbestaan nie.

**Waarom is brandlelies so besonders?**

Hulle vorm deel van 'n klein groepie fynbosplante wat vuur as 'n sein gebruik om te blom. Binne enkele dae verander hulle verwoeste en swartgebrande velde in 'n skouspel van kleur - 'n kragtige simbool van die fynbos se merkwaardige veerkragtigheid.

(*Foto's: Mathilda Roos*)

*(Bron: Sean Privette en self-nagevorsde inligting)*

**Hardus Botha**









**GANSBAAI FISHERMEN'S SERVICE OF Dependence**

When: 25 January 2026.

Time: 18:00 for 18:30.

Location: Gansbaai Harbour, in front of Boathouse Restaurant.
(In case of stormy weather: AFM Centre.)

Partly funded by Gansbaai Marine, in close collaboration with Gansbaai Pelagic for the latter's specific contribution and partnership.

Organization of Fishermen's Services has historically been carried out in partnership by the Network of Gansbaai Churches.

Preachers: Dr. Robert Johnson and Rev. Mauritius Pienaar

Open invitation to the Greater Gansbaai Fishing Industry, employers, employees, affected families, friends and all interested groups and supporters.

Gansbaai Fishermen's Services since 1963

Chairs are provided. Please also bring your own chairs and let us share.

Enquiries:

Floors Avenant
082 820 8966

Norman Sauls
066 028 3702

Gans Berg


# Majorie Brand behaal lewensmylpaal van 90 jaar

Majorie Brand (née De Kock), 'n inwoner van Herberg aan See (HaS), het op 5 Januarie 2025 haar 90ste verjaardag gevier en daarmee 'n besondere lewensmylpaal bereik. Sy het sowat 13 jaar gelede, op 10 Augustus 2012, 'n permanente inwoner van HaS geword. Haar gesondheid het ongelukkig mettertyd agteruitgegaan en sy is reeds die afgelope ongeveer twee jaar bedlêend.

Majorie is op 5 Januarie 1935 in Caledon gebore. Haar ouers was Boy en Babsie de Kock, en die egpaar het vier dogters gehad: Rene, Christine, Elize en Majorie. Interessant genoeg was al vier dogters geregistreerde verpleegkundiges. Majorie is die enigste een van die susters wat later getroud is; die ander drie het ongetroud gebly.

Neolene Kleyn, 'n senior verpleegkundige by HaS, is 'n lewenslange vriendin van Majorie. Neolene, wat oorspronklik ook van Caledon afkomstig is, het onder andere vir 'n lang tydperk saam met twee van Majorie se susters as verpleegkundige in Caledon gewerk - by Caledon Hospitaal saam met Rene, en by Heidehof-tehuis vir bejaardes saam met Christine.

Lees meer in hierdie uitgawe oor een van Majorie se susters, Caledon se geliefde suster Rene (Kockie) de Kock, se vol en betekenisvolle lewe as sendeling-verpleegsuster, asook oor die twee boeke (Afrikaans en Engels) oor haar lewensverhaal, wat deur Annalette Perold (Smith), 'n lewenslange vriendin van haar, geskryf is.



*Majorie Brand voordat sy bedlêend geraak het.*

**Hardus Botha**


*There is only one name to remember*

NASHCA FUNERALS

Cremation Services • Funeral Services
Funeral Insurance • Tombstones

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, **Hermanus: 028 316 1659**

57 Main Road, **Kleinmond: 028 271 4971**

Bothma Centre, 57 Main Road, **Gansbaai: 028 384 0251**

7 Queen Victoria Street, **Stanford: 028 341 0134**

**082 322 0874**

SPECIALISTS IN:
WATERPROOFING
CONCRETE DECKS
ROOFS & FLASHINGS
CEMENT DAMS & FARM DAMS
RISING DAMP & PENETRATING DAMP
INTERIOR & EXTERIOR PAINTING
ROOF, GUTTER & DOWN-PIPE PAINTING & REPAIRS
WOOD SPROCKET REPAIRS
ALL RELATED SERVICES
TORCH ON

TOP SEAL
WESTERN CAPE

060 952 9133

admin@topsealwesterncape.co.za

WATERPROOFING & PAINTING www.topsealwesterncape.co.za







Gans-Berg Nuus/News

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

**Hardus:082 786 0494**

**info2@gansberg.co.za**


# Gansbaai-sakelui 'tackle' mekaar... Gelukkig op die rolbalbane

Dit is weer daardie tyd van die jaar - Gansbaai se sakelui sê mekaar die stryd aan op Franskraal Rolbalklub se bane vir die jaarlikse en gewilde Rolbal Besigheidsliga wat deur die klub aangebied word. Die eerste wedstryd het reeds op Dinsdagaand, 13 Januarie 2026, afgeskop. Johan Wiese, klubtesourier, vertel dat vanjaar se inskrywings die meeste nóg is, wat die gewildheid van hierdie kompetisie beklemtoon. Dit is ook nie net besighede nie, maar ook organisasies en sportklubs wat jaarliks inskryf.

Die wedstryde vind oor 'n tydperk van ses weke op Dinsdagaande plaas, waarvan die eerste reeds op 13 Januarie begin het. Die reeks eindig op Dinsdagaand, 17 Februarie 2026. Daar is nie minder nie as 26 spanne van 4 spelers per span - altesaam 104 spelers - die meeste nóg. Die 26 spanne wat gerus ondersteun kan word, is (alfabeties): African Penguin & Seabird Sanctuary; Aqunion; B Verwers; BAS Concrete; Birkenhead Bootklub A; Birkenhead Bootklub B; Braai





Buddies; Build It; Burmar; Burmar Workshop; CES; Chas Everitt; CJ Bookkeeping; Computer Hut; Dynova; ERS; Gholfklub A; Gholfklub B; Kleinbaai One Stop; Overberg Meubels; Overberg Trussers; SAPD; Sizisa Ukhanyo Trading; Superspar; The Business Property; Uilenkraal Plaas. “Ons is baie bevoorreg om soveel spanne te kan huisves en ons sê baie dankie vir die besighede se pragtige ondersteuning - albei ons bane is vol,” het Johan die *Gans-Berg Nuus* meegedeel.

Komaan, inwoners van die groter Gansbaai - laat ons ons besighede ondersteun. Dit klink of party dalk meer ondersteuning as ander gaan benodig, of hoe praat ons dan nou?! Nietemin, kom ondersteun die manne en vroue op Dinsdagaande; hulle sal dit waardeer.
Vir navrae in hierdie verband kan Johan Wiese by 084 680 1269 geskakel word, of Kokkie Kok by 083 457 2040.

**Hardus Botha**


**Medical 911**

CMC Critical Medical Care
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544


Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

**1 Life Rescue**
**Mark Robson: 082 414 9335**

# Overberg wildfires: How you can help

Wildfires are top of mind for most Western Cape residents, with tens of thousands of hectares already burned across the Overberg since October 2025. The Pearly Beach fire, which started on 5 January, is a stark example: it has already destroyed around 40 000 hectares. Stanford and Gansbaai have also not been spared, with a destructive veldfire burning approximately 5 000 hectares and resulting in multiple near misses for towns and surrounding communities. The Kogelberg Biosphere has likewise been affected by several veldfires, which have destroyed large sections of the Groenland Mountains and the mountains above the Houwhoek Pass. For some parts of the Groenland mountain range, this is the fourth fire in less than 20 years - a devastating outcome for fynbos ecosystems that should ideally burn only every 15 to 20 years.







**Too-frequent fires**

According to Corlie Hugo, CEO of the Kogelberg Biosphere, the increasing frequency of fires is a major concern. “We know fynbos must burn, but it's vital that it doesn't burn too often. Fires that occur too frequently destroy young plants before they've had a chance to set seed, which can lead to local extinctions. We're especially concerned about the impacts of the November fires in the Groenlandberg, where fynbos younger than the required 15 years was destroyed.”

**Wildlife pays the price**

It's not only vegetation that suffers. Wildlife, too, pays a heavy price. In hot, dry conditions, animals caught in fire zones are unlikely to survive - succumbing either to intense heat or thick smoke. And even for those that do escape, the aftermath presents new challenges. Hugo explains: “Another concern is the sheer scale of the area across the Overberg and Western Cape that has burned. Normally, as vegetation recovers, animals move back into burnt areas from surrounding natural habitat. But when so much of the landscape is affected, where does that recruitment come from? This is deeply concerning.” Animals that do survive - and those indirectly affected - need a safe place to recover before being released back into the wild.

**The Wildfire Rescue Centre**

This is where the Kogelberg Biosphere Wildlife Rescue & Training Centre plays a critical role. Recently, SPCA officials rescued several tortoises and snakes from the Stanford fire, all suffering from burn wounds. They were taken to local vets in Kleinmond and Hermanus for emergency treatment and then transferred to the centre for further care. Michelle Watson, Rehabilitation Specialist at the Wildlife Rescue & Training Centre, says community support has been invaluable. “We're incredibly grateful to local residents, firefighters and everyone across the Overberg who has gone out of their way to help rescue wildlife during these fires. We're doing everything we can to care for these vulnerable animals - but we can't do it alone. We're calling on the community to assist once again, whether by volunteering their time or donating to help us source enough food and medical supplies for our patients.”

**A wildlife-friendly green space**

Hugo notes that wildlife surviving the fires will now be hungry and thirsty, and may move into towns and gardens in search of food and water - with these towns playing an increasingly important role as habitat. “Having a fynbos garden is an ideal way to support these species naturally. Your garden, in effect, acts as a corridor for wildlife.” Residents with gardens or green spaces can help by putting out shallow containers of water, with a rock placed inside to prevent smaller birds or mammals from drowning. It's important to keep the water clean by replacing it regularly. Sugar water can also be offered to Cape sugarbirds.

**What to do if a snake visits your garden**

Hugo adds a note of caution. “You may even find some of our more dangerous natural neighbours visiting for a recovery meal. If snakes such as puff adders enter your garden, please be patient and contact a professional snake catcher to have them safely relocated. It's also helpful to learn the difference between dangerous snakes and harmless species, such as the Cape grass lizard - a snake-like species that is among the animals most severely affected by wildfires.” Pets can also pose a threat to wildlife during this time. Hugo suggests keeping dogs on a lead during walks and keeping cats indoors at night to prevent them from hunting vulnerable animals. “It's another way our townsfolk can give affected animals a bit of a break and time to recover.” For more information, visit: kogelbergbiosphere.org.za in Bing.

**Heather D-Alton**







# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | P | A | R | A | K | E | E | T | F | D | N | V | M | W | E | E |
| I | O | B | C | J | B | L | S | X | F | S | W | F | O | J | T | L |
| H | R | E | V | R | A | A | Z | U | F | U | H | S | N | Y | L | A |
| P | P | M | K | C | O | G | O | B | R | Y | Y | P | K | K | B | H |
| L | O | E | N | A | R | C | U | L | A | L | T | Y | E | A | U | W |
| O | I | E | Y | Z | N | F | G | A | W | A | A | P | Y | M | D | Y |
| D | S | D | M | B | F | S | E | A | R | I | O | W | M | U | F | B |
| E | E | M | U | A | Z | S | E | Q | Z | L | W | I | C | P | P | R |
| M | G | R | L | T | O | W | F | L | E | E | N | B | D | Z | E | V |
| E | T | O | Y | O | C | M | Q | T | T | G | L | U | V | V | Q | A |
| Y | G | Q | G | N | X | W | N | W | B | T | C | L | A | J | E | J |
| M | Y | E | R | P | M | A | L | I | J | K | A | E | E | F | R | E |
| N | T | O | V | J | T | U | R | T | L | E | B | R | U | E | G | T |
| R | H | F | O | G | L | D | R | P | F | Q | P | W | A | D | N | B |

ANTELOPE
BAT
BEAVER
BUFFALO
COYOTE
CRANE
DOLPHIN
DUCK
GAZELLE
GOOSE
HUMMINGBIRD
JAGUAR
LAMPREY
MONKEY
ORCA
PARAKEET
PUMA
RATTLESNAKE
TURTLE
WALRUS
WHALE

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 7 | | 4 | 1 | |
| | | | | | 6 | | 2 | |
| | 1 | | | 5 | | | | |
| 8 | | | | | | | | 3 |
| | | 7 | | | 4 | | | 9 |
| | | 9 | 8 | | | | | |
| | | | 4 | | | | 9 | 5 |
| | 8 | | | | | 1 | | |
| | 7 | | 9 | 8 | 2 | | | |




## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 7 | 9 | 4 | 6 | 8 | 5 | 2 | 1 |
| 8 | 1 | 4 | 2 | 9 | 5 | 3 | 7 | 6 |
| 5 | 2 | 6 | 1 | 3 | 7 | 8 | 4 | 9 |
| 6 | 8 | 2 | 9 | 7 | 4 | 1 | 3 | 5 |
| 7 | 9 | 5 | 3 | 8 | 1 | 2 | 6 | 4 |
| 4 | 3 | 1 | 6 | 5 | 2 | 7 | 9 | 8 |
| 9 | 6 | 8 | 5 | 2 | 3 | 4 | 1 | 7 |
| 1 | 5 | 3 | 7 | 4 | 6 | 9 | 8 | 2 |
| 2 | 4 | 7 | 8 | 1 | 9 | 6 | 5 | 3 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | P | G | D | E | K | N | E | R | W | K | G | M | A | R | P | X |
| G | E | R | K | L | J | B | F | A | E | S | C | Q | E | O | L | E |
| Z | Z | R | E | A | P | F | O | C | S | C | X | O | R | S | E | K |
| Z | U | N | O | G | T | I | R | C | Q | E | W | C | C | Z | U | T |
| M | K | S | V | N | I | V | D | O | V | E | U | N | N | A | L | C |
| F | M | N | F | I | O | T | B | O | A | P | A | A | S | M | E | O |
| V | P | A | N | T | H | E | R | N | I | D | P | W | M | A | M | P |
| F | O | R | E | H | P | O | G | N | O | M | R | S | O | C | A | G |
| O | N | L | D | G | C | I | E | W | I | I | K | U | B | A | C | G |
| Z | K | G | X | I | R | H | G | H | N | A | L | A | N | W | I | H |
| R | A | V | E | N | O | L | C | L | R | H | B | F | G | N | P | Z |
| B | E | D | A | V | W | E | K | B | A | O | Q | L | L | E | E | K |
| E | N | I | R | E | V | L | O | W | O | Z | Q | A | I | V | V | R |
| L | P | J | D | H | T | C | K | N | A | C | O | E | P | P | O | C |

# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**UNITY SERVICE RECOVERY — ALCOHOLICS ANONYMOUS**
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*

Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. 028 384 0480


**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External


Call Mike on 063 708 4283

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

Freda:063 668 4577 freda@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431 janine@gansberg.co.za

**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE


Free Quotations
Riaan van Niekerk
admin@technokil.co.za
082 878 7093

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

**PAVING**
Quality brick paving done by professionals

SERVICES INCLUDE:
* Courtyard paving
* Driveway paving
* Patios and pool decks paving
* Cladding
* Pool installations/renovations
* Marbeling

STONE AGE PAVING
Contact Deon:
082 489 3988
stoneage.projects@gmail.com

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

EMERGENCY

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 4081, 3 RIET STREET, GANSBAAI (GANSBAAI DAY HOSPITAL): APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE APPROVED SITE DEVELOPMENT PLAN:TOWN & COUNTRY ON BEHALF OF CAPE ETHICAL ORGANICS (PTY) LTD

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) of an application received in terms of Section 16(2)(l) of the By-Law to **amend the approved site development plan** applicable to Erf 4081, Gansbaai to accommodate the expansion of the existing Day Hospital with consulting rooms (±1066m²) and a dialysis facility (±250m²).

Full details regarding the proposals above are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Division: Town and Spatial Planning, 16 Paterson Street, Hermanus, at the Gansbaai Library, c/o Main Road and Kapokblom Street, Gansbaai and on the municipal webpage at the following link https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Any comments must be in writing and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before **27 February 2026**, with your name, address, contact details, interest in the application and the reasons for comment. Telephonic inquiries can be made to the **Principal Town Planner, Mr. SW van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments after the closing date. Any person who cannot read or write can visit the Division: Town and Spatial Planning where they will be assisted by a municipal official in formulating their comments.

*Please note that in terms of the Protection of Personal Information Act (POPIA), you will be entering into a public process and as such agree and consent to your name, surname, contact details and comment(s) may be disclosed / used in the (application) process.*

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERF 4081, RIETSTRAAT 3, GANSBAAI (GANSBAAI DAGHOSPITAAL): AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE GOEDGEKEURDE TERREINONTWIKKELINGSPLAN: TOWN & COUNTRY NAMENS CAPE ETHICAL ORGANICS (PTY) LTD

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) van 'n aansoek ontvang ingevolge Artikel 16(2)(l) van die Verordening om **wysiging van die goedgekeurde terreinontwikkelingsplan** van toepassing op Erf 4081, Gansbaai om voorsiening te maak vir die uitbreiding van die bestaande Daghospitaal met spreekkamers (±1066m²) en 'n dialisefasiliteit (±250m²).

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weeksdae tussen 08:00 en 16:30 by die Afdeling: Stads- en Streekbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus, by die Gansbaai Biblioteek, h/v Hoofweg en Kapokblomstraat, Gansbaai en op die munisipale webtuiste by die volgende skakel https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Enige kommentaar moet skriftelik wees en die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) voor of op **27 Februarie 2026**, met u naam, adres, kontak besonderhede, belang in die aansoek en die redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Hoofbeplanner, Mnr. SW van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Afdeling: Stads- en Streekbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

*U aandag word gevestig op die Bepalinge van die "POPI" Wet, en aangesien u opmerking deel sal uitmaak van 'n openbare deelname proses, u derhalwe toestem dat u naam, van en kontakbesonderhede openbaar gemaak mag word.*

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISIZA 4081, 3 RIET STREET, GANSBAAI (GANSBAAI DAY HOSPITAL): ISICELO SOKUTSHINTSHWA KWESICWANGCISO ESIGUNYAZISIWEYO SOKUPHUHLISA ISIZA:ABAKWA-TOWN & COUNTRY EGAMENI LE-CAPE ETHICAL ORGANICS (PTY) LTD

Kukhutshwa isaziso ngokumayela neCandelo 47 neCandelo 48 loMthetho kaMasipala waseOverstrand Otshintshiweyo ongokuSetyenziswa nokuCetywa koMhlaba kaMasipala, 2020 (uMthetho kaMasipala) ukuba kufunyenwe isicelo ngokumayela neCandelo 16(2)(l) laloMthetho ukuze **kutshintshwe isicwangciso sokuphulisa isiza esivunyiweyo** ngokumayela neSiza Erf 4081, Gansbaai ukulungiselela ukwandiswa kweSibhedlele saseMini ukuze kufakwe iiofisi zikagqirha (±1066m²) nendawo yokunyanga abantu abagula sisifo sezintso (±250m²).

Iinkcukacha ezipheleleyo mayela noku kucetywayo ziyafumaneka ukuze zihlolwe phakathi evekini phakathi ko-08:00 no-16:30 kwiSebe: Town and Spatial Planning, 16 Paterson Street, Hermanus, kwiThala leeNcwadi laseGansbaai, c/o Main Road and Kapokblom Street, Gansbaai nakwiwebhusayithi kamasipala kule linki ilandelayo https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Naziphi na izimvo mazibhalwe zize zingeniswe kuMasipala (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) ngomhla okanye ngaphambi komhla **ka27 Februwari 2026**, ubhale igama lakho, idilesi yakho kunye nomdla kwisicelo nesizathu sokuhlomla kwakho. Imibuzo ngefowuni ingabuzwa kwi**Senior Town Planner, Mnu. SW van der Merwe** ku 028 313 8900. UMasipala angangavumi ukwamkela amagqabaza okuhlomla afunyenwe emva komhla wokuvala. Nabani na ongakwaziyo ukufunda okanye ukubhala angatyelela iSebe: Town and Spatial Planning. Igosa likamasipala liya kumnceda akwazi ukufaka izimvo zakhe.

*Nceda uphawule ukUba ngokumayela noMthetho Wokukhuselwa kweNkcazelo yoBuqu (POPIA), uza kungena kwinkqubo yokuthatha inxaxheba koluntu ibe ngenxa yoko uyavuma ukuba igama, ifoni yakho, iinkcukacho zakho zoqhagamshelwano namagqabaza akho angadizwa / asetyenziswa kwinkqubo (yokufaka isicelo).*

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 08/2026

155619




# Fire in the Fynbos

"Our first parting shot for 2026 is this beautiful, arresting photograph taken by Reserve Manager Mike on one of the recent fire frontlines," said Phillipa Murray from Grootbos Foundation. She explained that fire in the fynbos is many things at once - frightening and restorative, dangerous and life-giving. It takes, and it gives.



"The reality is that we live within a landscape that burns," Phillipa added. She further explained that Mother Nature has adapted to survive fire, and as we learn more about this ecosystem, we too adapt our behaviours so that we are ready when fire comes - able to protect ourselves, our families, and our livelihoods.

"This fire season has felt relentless. It has taught us a great deal, and we are proud and deeply grateful to the people who worked to protect and to save," Phillipa said. "In the coming weeks, we will share some of our learnings and perspectives as we continue to serve the local community, protect nature, and adapt to this special, unique landscape."

**Hardus Botha**

Janine:072 931 1431 janine@gansberg.co.za

# Waar die Vlamme Gebrand het, Staan Gebed nou...

**Gewyde Gebedsdiens**





Die gemeenskap van Gansbaai en omliggende gebiede het op Saterdag, 17 Januarie 2025, in die AGS Aanbiddingsentrum vir 'n gewyde Gebedsdiens bymekaargekom. Die doel was om met opregte gebede dankie te sê vir die reën wat geval het, asook om hulde te bring aan almal in die Overstrand en Overberg wat teen die verwoestende brande geveg het. Die byeenkoms is deur past Emilia Swanepoel gelei, wat die doel van die byeenkoms verduidelik het. “Hierdie is 'n gewyde oomblik waar mense eer aan God betoon,” het sy gesê. Sy het almal teenwoordig genooi om in 'n halfmaansirkel voor in die kerk te gaan staan. Die onderstaande gedig deur Dries Dreyer, wat vooraf deur Trevern Haasbroek van De Kelders met behulp van kunsmatige intelligensie getoonset is, is aan die teenwoordiges gespeel. Daarna het almal die geleentheid ontvang om in gebed voor te gaan.
Die oorspronklike en roerende gedig van Dries Dreyer van Franskraal is deur hom aan die Gans-Berg Nuus gestuur en word, met sy goedkeuring, onveranderd geplaas - 'n emosievolle gedig wat nie geïgnoreer kan word nie.

**Hardus Botha**

**'Uit die Vlamme'**
**Dries Dreyer, Franskraal**

Uit die vlamme kom nood
Uit die vlamme kom angs
Uit die vlamme kom dood
Uit die vlamme is die proteas dood
Uit die vlamme het die blomplukkers nie meer brood
Uit die vlamme het die blomplukkers nood
Uit die vlamme is die diere dood
Uit die vlamme het ons boere nood
Uit die vlamme is alles dood
Uit die vlamme word lewe gebore
Uit die vlamme is fynbos ons beskore
Uit die vlamme is ons in afwagting
Uit die vlamme van nood word nuwe lewe ontbloot
Uit die vlamme kom dankbaarheid
Uit vlamme kom eer
Uit vlamme kom nederigheid

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 23/1/2026 | Saturday 24/1/2026 | Sunday 25/1/2026 | Monday 26/1/2026 | Tuesday 27/1/2026 | Wednesday 28/1/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 21° | 21° | 22° | 22° | 23° | 25° |
| Moderate Breeze 7 m/s from south 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south - west 0.2 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from south-east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 23 January | 0553 | 1811 | 1207 | 0010 |
| 24 January | 0634 | 1855 | 1251 | 0053 |
| 25 January | 0721 | 1950 | 1345 | 0147 |
| 26 January | 0820 | 2104 | 1457 | 0200 |
| 27 January | 0939 | 2243 | 0305 | 1630 |
| 28 January | 1115 | 0017 | 0450 | 1801 |
| 29 January | 1238 | 0125 | 0624 | 1909 |
| 30 January | 1341 | 0200 | 0733 | 2002 |







# Gansbaai Gholfklub

## Clive Bailey se beurt om Enkel Stableford in te palm

Saterdag, 17 Januarie 2026 se Enkel Stableford kompetisie is met 42 punte deur Clive Bailey gewen. Clive teken in dieselfde kompetisie 'n Spog Twee aan op no 15, met Daniel van der Merwe ook 'n Spog Twee op no 17.

**Woensdag, 15 Januarie:**
John Wellman wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 39 punte, gevolg deur Hugo Groenewald 33, Dawie Viljoen 33, Clive Bailey 33, Rene Myburgh 33, Marietjie de Villiers 32, Joe Cesare 32, Johan Coetzee 32 en Neil Harrison 31.
Naaste aan die Pen no 11: Andre Hage (Geel) en Bertie Lauscher (Rooi).
Spog Twee op no 15 - Joe Cesare.
Arend op no 16 - JP Laubscher.

**Vrydag, 16 Januarie:**
Pero Heyns wen die 9-putjies Enkel Stableford met 20 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 18, Elmar Venter 17, Callie Lourens 17, Koos Myburgh 17, Owen Huxham 17, Andre Hage 16, Corrie Avenant 15, Johan du Preez 15 en Jacques Louw 15.

**Saterdag, 17 Januarie:**
Clive Bailey wen die Enkel Stableford kompetisie met 42 punte, gevolg deur Stephen Brown 42, Joe Cesare 39, Cobus Dippenaar 36, Hugo Groenewald 35, Francois van der Merwe 35, Daniel van der Merwe 34, Gavin Flint 33, S Jackson 32 en Jacques Louw 31.
Naaste aan pen op no 17 - Daniel van der Merwe (Geel).
Spog Twee op no 15 - Clive Bailey en Daniel van der Merwe 17.


**Saterdag, 24 Januarie:**
Dit is 'n Houespel. Gansbaai Liga 1 (wat speel vir Valleie in die Brodie Liga) speel teen Gansbaai Liga 2 vir 'n oefen-rondte.
Andre Hage is kaptein van Gansbaai Valleie Span (Gansbaai Liga 1) en Pieter Louber is kaptein van Gansbaai Liga 2.

**Verjaarsdae:**
Gunicka Greenwood (21ste) en Rodney Smith (28ste).

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**


*Clive Bailey.*


*John Wellman.*


*Pero Heyns.*

# Bek- en Klouseer in die Wes-Kaap

## *Agri Wes-Kaap*

Die Bek- en Klouseer-situasie in die Wes-Kaap bly stabiel, met geen verdere uitbrekings wat sedert die aanvanklike geval op die indeksplaas aangemeld is nie. Alle monitering en kliniese inspeksies bevestig steeds dat die siekte beperk is tot die oorspronklike plaas.

**Operasionele vordering**
Alle skape op die indeksplaas is reeds uitgeslag in ooreenstemming met die voorgeskrewe BKS-protokolle. Goedkeuring is ontvang vir die slag van beeste op die indeksplaas, en daar word tans gewag op die finale slagtingskedule vanaf die Departement en die betrokke abattoir. “Ons wag steeds op uitslae rakende al die monsters wat op omliggende plase geneem is en hoop om dit so spoedig moontlik te ontvang,” het Jannie Strydom, HUB van Agri Wes-Kaap, gesê.

Die tweede stel laboratoriumtoetse vir plase binne die kwarantyngebied bly 'n kritieke vereiste voordat enige oorweging geskenk kan word aan die opheffing van die kwarantyn. Totdat hierdie uitslae beskikbaar en bevredigend is, bly alle bestaande kwarantynmaatreëls in plek. Die huidige optrede in die Wes-Kaap is in lyn met die Minister van Landbou se nasionale BKS-beheerstrategie, wat fokus op streng bewegingsbeheer, verbeterde toesig, inenting en die versterking van nasionale naspeurbaarheid deur verbeterde stelsels en dokumentasie. Daar is eengesindheid dat naspeurbaarheid van dierebeweging uiters belangrik bly. Akkurate rekords, korrekte dokumentasie en tydige rapportering is noodsaaklik om risiko's te identifiseer, moontlike verspreiding te voorkom en vertroue in die Wes-Kaap se veesektor te behou.

Produsente en rolspelers word weereens versoek om nie te verslap in biosekerheid nie, maar om streng protokolle op plase, voertuie en tydens alle dierebewegings toe te pas. U kan die AWK-webtuiste besoek of die AIMS-naspeurbaarheidstelsel aflaai by: https://awkaims.co.za/.

**Rojeanne de Wet**
**Skakelbeampte Agri Wes-Kaap**


**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus: 082 786 0494 Email: info2@gansberg.co.za

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

KINGSLEY HERMANUS
We stock a wide variety of Kingsley beverages which are available for walk-ins & bulk for business.
11 Arum street, Industrial Area, Hermanus,7200
064 037 1877
kingsleyhermanus23@gmail.com



# Birkenhead Boothengelklub Mooi silwervisse gevang

Dit was 'n heerlike dag op die water vir die hengelaars van die Birkenhead Boothengelklub op 17 Januarie 2026. Ondanks meer 'roerende' waters later die dag, het al 7 bote vis ingeweeg. Net twee spesies is gevang, silwervisse (mooies) en hotties. Die voorlopers moet maar kennis neem - die jaar is nog lank!

**Kompetisie-uitslae:**
7 bote het ingeskryf, waarvan al 7 ingeweeg het. Die totale bemanningslede was 22, waarvan 2 dames was. 4 spesies (85 visse) is ingeweeg, met 'n totale massa van 70.25kg. Die gemiddelde massa per hengelaar was 3.19kg.

**Volledige uitslae:**
Uitslae is soos volg: Swaarste vis, Johan Geldenhuis (Silwervis, 1.95kg); 2de Swaarste vis, Walter Mapham (Silwervis, 1.85kg); Swaarste sak Mans, Joe Smit (7.70kg); 2de Swaarste sak Mans, Walter Mapham (6.80kg); Swaarste sak Dames, Joey Rademeyer (6.55kg); 2de Swaarste sak Dames, Trix Langley (4.10kg); Swaarste bootgemiddeld, GI Joe van Joe Smit (7.13kg); 2de Swaarste bootgemiddeld, WaCa van Carl Dyer (5.80kg).

**Voorlopers:**
*1ste 3 Bootkampioene*:
WaCa van Carl Dyer (24.89kg); GI Joe van Joe Smit (22.65kg); Oupa van Ben Uys (11.43kg).
*1ste 3 Visvangkampioene Mans*:
Joe Smit (27.45kg); Carl Dyer (23.50kg); Piet Duvenhage (21.40kg).
*1ste 3 Visvangkampioene Dames:*
Joey Rademeyer (17.85kg); Trix Langley (4.10kg).

**Hardus Botha**



*Joe Smit en Joey Rademeyer. (Argieffoto - korrekte foto verlore, maar dié twee het só goed gedoen, foto moes geplaas word!)*



*Robie Nelson, Johan Geldenhuis, Derick Peterson en Walter Mapham.*



*Jacques du Toit, Ben Uys en Leon Lombard.*



*Vernon Nelson, Hein Kroese en Andrew Leigh.*



As die hotties nie tot voor die kamera gedruk is nie...Ben Uys!

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za










# Matrieks VS Graad R Sokker





# Boomplantdag



# Matrieks VS Onderwysers Netbal










CURRO
HERMANUS

028 316 4911
hermanus.admin@curro.co.za